

**27 Julie**

**Skrifgedeelte: Sagaria 12 en 13  
Fokusgedeelte: Sagaria 13:1 en 7-9**

### **Die Fontein wat die oorblyfsel reinig**

Hierdie hoofstukke begin met nasionale sake (die volk en Jerusalem), maar dit eindig met God se uitverkorenes. Nie almal uit God se volk word gered nie. Nee, twee derdes word uitgeroei (13:8). Dit is sekerlik hierdie twee derdes wat die Herder doodmaak en sy skape (die uitverkore derde) uitmekaar jaag. Dit is hulle wat die Man tref wat so na aan die Here is (13:7). Volgens Johannes 19:37 is die Man en Herder wat deurboor is niemand anders as Jesus nie. Sagaria sien nie net 'n besondere Koning in aantog nie (9:9), maar ook dat dié Koning nederig op die vul van 'n donkie sal ry (9:9) en uiteindelik gedood sal word (12:10 en 13:7).

Hierdie Herder sal self soos 'n fontein wees wat mense van hulle sondes reinig (13:1). Uiteindelik bly daar net een derde oor. Dit is die uitverkorenes van Jesus – sy bruid of kerk. Hulle moet verder soos silwer gelouter word en soos goud gesuiwer word (13:8). Hulle is diegene wat aan God behoort. Vir hulle sê die Here: “Dit is My volk.” Hulle antwoord met: “Die HERE is ons God” (13:9).

Hoe was dit moontlik dat 'n profeet wat 'n volle 520 jaar voor Christus geleef het so ver en so duidelik in die toekoms kon inkyk? Die antwoord kom uit die Woord self: “...deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek” (2 Pet 1:21). Teenoor almal wat die Bybel vandag verdag wil maak as 'n ou Joodse geskrif, bely ons met groot oortuiging die teendeel: Die Bybel is die Woord van God en sy Seun is die Fontein wat ons reinig van al ons sondes.

*Sing: Skrifberyming 5:1*

*Ds AS Heystek (Akasia)*